

BYBELLEESROOSTER EN PREEKROOSTER KONINKRYKSTYD 2022

LEES DIE BYBEL SÓ DAT JY GOD HOOR EN ONTMOET

LEES



Lees die teksgedeelte 'n paar keer rustig deur, indien moontlik in meer as een vertaling. Leer om te *luister* terwyl jy lees. Jy lees nie bloot vir informasie nie. Jy lees en luister met jou hart - omdat jy God wil hoor en ontmoet. Identifiseer daardie vers, frase of woord wat jou veral aanraak.

MEDITEER



Dink verder na oor die woorde of frases wat jou veral in die teks aanspreek: wat hoor jy daarin; watter emosies maak dit by jou los; wat sê die Here vir jou daarin? Meditasie trek ons eie leefwêreld in die teksgedeelte in: die teks begin ons lewe "lees". Die Bybel (God!) raak die "subjek" van die aktiwiteit en ons lewe die "objek".

BID



Wanneer die teks so met jou begin praat, is dit 'n spontane reaksie om daaroor met God te begin praat. Bid oor dit wat jy hoor God vir jou sê of vra of beloop.

ONTVANG
& LEEF

Pas dit wat jy gehoor het op jou lewe toe. Glo dat die Here dit wat Hy in sy Woord van jou vra, *deur sy Gees in jou lewe kan en sal doen*. "Ontvang" dit in die geloof soos Maria in Luk 1:38: "*Laat dit met my wees volgens u Woord*". Bid is hier ontvang en dankie sê.

KONINKRYKSTYD

Koninkrykstyl is by uitstek die tydperk in die jaar waarin daar nagedink word oor God se gestuurtheid na die wêreld en ons deelname daaraan. In die tyd dink ons veral na oor wat die belydenis dat Christus die Here is vir ons daaglikse lewe inhou. In Koninkrykstyl gaan dit dus oor die praktiese navolging van Christus, oor die beliggaming en uitleef van sy boodskap, sodat die wêreld kan sien en kan glo.

Koninkrykstyl word tradisioneel deur die kleur groen, as teken van geloofsgroei, hoop en die nuwe lewe wat Christus bring gekenmerk. Die sentrale simbool van Koninkrykstyl is 'n bootjie met 'n kruis, wat volgelinge van Christus as draers van die kruisevangelie in die wêreld simboliseer.

Nuwe reeks: *Van binne na buite* waar ons gaan fokus op die basiese emosies waarmee ons elke dag leef.

EIE BYBELLEES

<i>Week</i>	<i>Seisoen</i>	<i>Teks</i>	<i>Erediens</i>
27 Jun - 3 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Gal 1:1-24	3 Jul
4 - 10 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Gal 2:15-21	10 Jul
11 - 17 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Gal 6:1-10	17 Jul
18 - 24 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Ps 139 - Inleiding	24 Jul
25 - 31 Jul	<i>Koninkrykstyl</i>	Ps 6 - Hartseer	31 Jul
1 - 7 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Ps 13 - Teleurstelling	7 Aug
8 - 14 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Ps 37 - Vreugde	14 Aug
15 - 21 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Ps 55 - Angs	21 Aug
22 - 28 Aug	<i>Koninkrykstyl</i>	Ps 76 - Woede	28 Aug

